*Scriptura 24 (1988), 38 - 48*

# KERK EN POLITIEK

W P Esterhuyse
Universiteit van Stellenbosch

**Abstract**

*The theme of Church and politics has become a very sensitive issue in South Africa. Not only does a discussion of this issue usually arouse strong political feelings - it also involves complex questions of principle.*

*In this article, the author has chosen not to treat this theme in an abstract, theoretical way. Instead, he defends the following theses:*

*1. 'The church is unavoidably involved in the political affairs of a country'. This thesis is defended by examining the nature of politics and the function of the church in secular affairs. (Priestly, sovereign and prophetic functions.) The writer concludes that the church should concern itself with social structures and policies, and not only with individuals.*

*2. 'It is not the task of the church to formulate or propagate political and constitutional blueprints'. In view of the function of the church, it is argued that the church should maintain a critical distance from the secular world, its institutions and its ideologies. This cannot be divorced from the question of the legitimacy of the church.*

*3. 'The church in South Africa should stimulate political change'. It is argued that the church can never acquiesce to the status quo. The church should constantly point out that change is possible and desirable. In the light of its calling and function, the church should promote reform in all its aspects.*

Die onderwerp 'kerk en politiek' is tans een van die mees sensitiewe kwessies in die Suid-Afrikaanse sosio-politieke debat. Afgesien van die uiteenlopende emosies wat hierdie onderwerp oproep, sluit dit ook belangrike beginselvrae in: Wie en wat is die kerk? Wat is sy funksie? Wat is politiek? Watter soort verhouding behoort tussen instellings soos die kerk en die staat te bestaan?

## Stelling 1:

**Die kerk het 'n onvermydelike betrokkenheid by die politieke gang van sake in 'n land.**

Hierdie stelling kan vanuit verskillende gesigspunte verdedig word. As invalshoek vir wat in die volgende aantal paragrawe betoog sal word, word eers aandag gegee aan die vraag wat politiek is. In die lig daarvan sal die betrokkenheid van die kerk by die politiek geargumenteer word vanuit die opvatting oor die funksie van die kerk in die samelewing.

Politiek kan in die algemeen gedefinieer word as dit wat betrekking het op die reëling en ordening van menslike samesyn binne gemeenskaps- en staatsverband. Dit is die beleid wat gevolg word om die bestaan van 'n relatief stabiele gemeenskap te verseker. In hierdie opsig omvat politiek baie meer as bloot die algemene gesigspunte van 'n bepaalde politieke party. Selfs 'n sake-onderneming of universiteit hou hom besig met politiek in die hierbo omskrewe sin van die woord.

Omdat politiek betrekking het op die reëling en ordening van menslike samesyn, en as sodanig 'n bepaalde beleid vertolk, vind dit sy neerslag in konvensies, statute, strukture, wette en regulasies wat 'n ordelike gang van sake moet waarborg.

Dit gaan in die politiek egter nie bloot om ordereëlings nie. Politiek, ofte wel beleid, is nie bloot 'n strategie wat gevolg word nie. Dit is per definisie 'n strategie met die oog op die verwesenliking van sekere doeleindes, ideale, belange en oortuigings. En hierdie doeleindes, ideale, belange en oortuigings hou verband met waardes. Dit spel immers uit hoe die beleidmaker dink die samelewing georden behoort te wees.

So gesien, is politiek nooit eties neutraal nie. Die soort doeleindes wat gestel word, kan op hul morele gehalte ondervra word.

Dat dit die geval is, hang ook met iets anders saam, naamlik die intrinsieke verband tussen politiek en mag. Politiek het uiteindelik met mag te make - die verkryging daarvan én die uitoefening daarvan. Mag op sy beurt is 'n konsep wat met die idee van verantwoordelikheid in verband staan, ofte wel 'n bepaalde opvatting oor moraliteit en die funksie van die staat. In demokratiese samelewings word daarom aanvaar dat die staat nie bloot 'n juridiese funksie het nie, dit wil sê 'n funksie wat gerig is op die handhawing van orde. Dit word ook aanvaar dat die staat 'n morele funksie het, ofte wel die taak om ordereëlings op die grondslag van geregtigheidsnorme en ander waardes te tref. Word daar net aksent gelê op die ordefunksie van die staat in die lig van die oorweging van orde-terwille-van orde, bevind die betrokke staat hom op die weg na outokrasie.

Dit is teen die agtergrond van die tweeledige funksie van die staat dat die hele idee van menseregte so prominent in die politieke teorie van die Weste figureer. Menseregte is immers die normatiewe en morele aansprake wat die mense teenoor 'n instelling soos die staat maak. Ten einde magsmisbruik deur die staat en sy organe te voorkom, word die erkenning én institusionalisering van menseregte as noodsaaklik geag. Daarom is die politiek nie 'n moreel neutrale gebied in die

samelewing nie. Net soos die uitoefening van politieke en staatsmag nie willekeurig kan wees nie.

Wat is die tersaaklikheid van bogenoemde vir die kerk? En hoe het dit betrekking op die betrokkenheid by die politiek?

Dit word algemeen aanvaar dat die kerk 'n drie-dimensionele funksie het: priesterlik, koninklik en profeties. Dit verteenwoordig die aard van die kerk se teenwoordigheid in die wêreld. Die een kan ook nie opgeskort of nagelaat word sonder om ook die wese van die kerk aan te tas nie.

Al drie hierdie funksies spel reeds 'n betrokkenheid van die kerk by die wêreld uit. In sy priesterlike dimensie is die kerk betrokke by die nood van die mens. Dié nood het nie slegs betrekking op kwessies soos armoede of liggaamlike lyding nie. So 'n opvatting is 'n verskraling van die noodbegrip van die Bybel. Daar is ook so-iets as politieke nood. Die priesterlike taak van die kerk hou ook nie by voorbede op nie. Dit sluit ook betrokkenheid in by die omstandighede wat die nood veroorsaak.

In sy koninklike dimensie toon die kerk dat daar deur Gods genade oor die mag van die sonde geheers kan word. Sonde is dus nie iets natuurliks wat in 'n gees van fatalisme aanvaar moet word nie. Nog minder is die 'gebrokenheid van die wêreld' 'n argument vir die kerk om hom by so 'n stand van sake neer te lê omdat dit 'realistiese politiek' is. Die onderskeid tussen kerk en wêreld is immers daarin geleë dat die kerk teenoor die wêreld wys dat dit ook anders kan wees. Dit veronderstel dat die kerk in eie geledere wél oor die sonde sal heers en nie die reëls en vooroordele van die wêreld sal akkommodeer nie.

In sy profetiese taak lewer die kerk Bybelse kritiek op stande van sake wat nie met die Woord wat aan die kerk toevertrou is, te rym is nie. Die kerk doen dit vanweë die moed wat hy het kragtens die opdrag van God om werklik om te gee vir mens en wêreld. Profetiese kritiek is daarom nie 'n vorm van alwetende arrogansie nie. Dit spruit voort uit die roeping wat die kerk het om op grondslag van die Bybel vir die mens en die wêreld om te gee.

In die lig van wat oor die politiek gesê is, en vanweë die drie-dimensionele funksie van die kerk, het die kerk 'n onvermydelike betrokkenheid by die politiek. Dié betrokkenheid is nie toevallig nie, iets wat van tyd tot tyd op die agenda van die kerk kan kom nie. Dis 'n noodwendige, onvermydelike en deurlopende agendapunt omdat die kerk enersyds belang het by die soort waardes, belange, ideale en oortuigings wat in die politiek deurspeel, en andersyds belang het by die aard van politieke ordeningspatrone self.

'n Mens sou hierdie betrokkenheid ten aansien van die politiek op twee vlakke kon aandui:

Enersyds het die kerk 'n taak ten opsigte van diegene wat die politiek bedryf. Sonde word immers nie net in die private lewe of in donker kamers gepleeg nie. Dit word ook in die openbare lewe gepleeg. Om 'n voorbeeld te noem: 'n politikus wat hom uit oortuiging of ter wille van politieke gewin aan rassisme skuldig maak, is noodwendig 'n teiken van die kerk se profetiese protes. En lidmate wat in die sosiale

en politieke lewe die sonde van rassediskriminasie pleeg, bevorder of propageer, kan nie deur die kerk skotvry gelaat word nie - wie hierdie persone ook al mag wees.

Andersyds is dit ook onvermydelik dat die kerk 'n betrokkenheid het by die aard van die samelewingsorde self. Daar moet gewaak word teen 'n individualistiese sondebegrip. Sonde vind 'n mens nie net in die lewens en harte van mense nie. Dit kleef ook vas aan die orderingspatrone, strukture en statute van die samelewing. Mense laat ook hulle sondige vingerafdrukke op die wêreld. Dié sondige vingerafdukke kan selfs gesanksioneer word deur wette en regulasies. 'n Kerk wat sy oë vir hierdie vingerafdrukke sluit, maak nie erns met die Skeppingsdekreet dat ons die wêreld moet bewerk én bewaak nie.

'n Kerk wat hom beperk tot individualistiese saligheidsprediking en die wêreld van wette, statute en strukture nooit in die visier kry nie, lewer 'n direkte bydrae tot die kontinuering van geïnstitusionaliseerde onreg. So 'n kerk berus by die gegewe omstandighede - 'n berusting wat in werklikheid die gegewe omstandighede sanksioneer.

In die lig hiervan bestaan daar ernstige bedenkinge teen uitsprake soos byvoorbeeld dié van die Sinodale Kommissie van Suid-Transvaal, gepubliseer in Die Kerkbode, 4 Maart 1981: 'Die druk op ampsdraers om "nie te swyg nie", maar lopende kommentaar oor politieke aangeleenthede te lewer, is onvanpas, aangesien die Ned Geref Kerk uit beginsel geen politiek bedryf nie.' As daarmee bedoel word dat predikante ampshalwe hulle van party-politieke uitsprake moet weerhou, is daar geen fout te vind met hierdie uitspraak nie. As dit egter as 'n 'swygverbod' ten aansien van profetiese protes en priesterlike sorg oor politieke kwessies bedoel is, ontstaan ernstige bedenkinge - bedenkinge wat nie besweer word met die motivering van die kommissie: 'Steeds moet onthou word dat die koninkryk van ons Meester nie van hierdie wêreld is nie' - so asof die boodskap aangaande hierdie koninkryk nie ook relevansie vir aardse koninkryke het nie.

Die vraag is natuurlik: wat is die aard van die kerk se betrokkenheid by die politiek?

## Stelling 2:

**Dit lê nie op die weg van die kerk om politieke of staatkundige bloudrukke te propageer of te formuleer nie.**

As ek dit goed gehoor het in die Bybel, is die kerk die volk van God op trek - rusteloos, maar doelgerig die toekoms in. Vir die kerk is daar nie 'n vaste standplaas of permanente uitspanplek in die wêreld nie. Juis daarom kan die kerk hom ook nooit vereenselwig met 'n bepaalde politieke ideologie nie. So 'n vereenselwiging, afgesien van die ander euwels wat dit meebring - onder meer dat die kerk vir politieke gewin misbruik kan word en as 'n soort morele buro van standaarde vir 'n bepaalde ideologiese party-politieke program funksioneer- sal daarop neerkom dat die kerk 'uitgespan' het en by die bestaande gang van sake berus.

Vir die kerk geld 'n kritiese distansie teenoor welke party-politieke program ook al. Dié kritiese distansie is die lewensbloed van die kerk. Dit waarborg enersyds dat die kerk nie ten koste van ander se belange die morele en sanksionerende agent van 'n bepaalde groep se politieke belange word nie. Dit waarborg andersyds dat die kerk die politieke gang van sake met Bybels verantwoorde profetiese kritiek sal begelei, wel wetende dat géén politieke program 'n monopolie op moraliteit, reg en geregtigheid het nie. Die kerk is dié instansie wat die soeke na reg en geregtigheid lewend moet hou. Ook die hoop dat dié soeke nie 'n futiele onderneming is nie.

Natuurlik, om te dink dat die wêreld en Suid-Afrika deur die kerk in 'n morele paradys verander sal kan word, is nie alleen utopiese dagdromery nie, maar gewoon ook naïef. Maar juis omdat dit utopiese dagdromery en die toppunt van naïewiteit is, moet daar steeds werk gemaak word deur die kerk van die soeke na groter reg en geregtigheid. In hierdie soeke kan die kerk homself nie by voorbaat verbind aan 'n bepaalde groep, volk, ras of kultuur nie. Die kerk het net een lojaliteit: aan sy 'koning' en daarmee die geregtigheidsbelang van alle mense.

Die formuleer en propageer van politieke en staatkundige bloudrukke is die verantwoordelikheid van ander instansies en persone in die samelewing. Wat die kerk wel geroepe is om te doen, is om hierdie bloudrukke volgens die eise van Bybelse geregtigheid te toets, en vreesloos sy kritiek te stel. Dié kritiek moet by voorkeur in die openbaar geskied, want dít is waar die profetiese stem en getuienis van die kerk gehoor moet word. Samesprekings agter geslote deure met die gerusstellende formule: 'Dit het besonder goed afgeloop', dien nie die geloofwaardigheid van die kerk nie. Soos ook die praktyk om kritiese mosies by kerklike vergaderings te versuiker of verwater met die formule: 'Hoë waardering vir die onderhawige instansies'. Omgekeerd: 'n kerk wat weer oordeel dat dit nie die moeite werd is om met die 'onderhawige instansie' te praat nie, of selfs met ander kerke, glo nie werklik in die bevrydende en deurbrekende boodskap van die evangelie nie.

Die profetiese getuienissaak van die kerk durf nooit tot swye gebring te word nie. Soos die teikengebied en gespreksgenote nie selektief gekies mag word nie.

Ter wille van balans is dit wel nodig om die volgende te beklemtoon:

In bepaalde kringe het dit praktyk geword om die profeties-kritiese taak van die kerk groot gewig toe te ken. Dit was wel nodig, gegee die verwaarlosing van hierdie taak van die kerk in Suid-Afrika. Dié gewig wat aan die profeties-kritiese taak van die kerk gegee word, durf egter nie lei tot 'n verwaarlosing van die ander dimensies van die kerk nie.

Ten spyte van sy profeties-kritiese taak, behou die kerk byvoorbeeld nog sy priesterlike en pastorale taak. Dit word nie opgeskort nie - ook nie ten opsigte van diegene teenoor wie profetiese kritiek gelewer word nie. Wie hulle afskryf as nie vatbaar vir vernuwing nie, ontkragtig die evangelie.

Wat meer is, die priesterlike taak van die kerk in 'n gepolariseerde en verskeurde samelewing soos Suid-Afrika - soos ook die profetiese taak - is nie beperk tot diegene wat 'aan ons kant' is nie, wat daardie kant ook al mag wees. Dit sluit alle

kante in, of dit nou owerheidskant of die kant van opstandelinge is. Die kerk het net een kant wat hy kan kies: die kant van die evangelie. En die evangelie moet óral gehoor word.

Afgesien van prinsipiële en teologiese oorwegings teen die verbintenis van 'n kerk aan 'n politieke beleid of ideologie, is daar ook 'n praktiese oorweging wat in aanmerking geneem moet word. Dit sit in die aard van politieke beleid om te verander na gelang van nuwe omstandighede, situasies en aansprake. Wanneer politieke beleid tot ideologie versteen, volg daar gewoonlik 'n strukturele spanning tussen die bepaalde ideologie en die dinamiek wat inherent is aan enige samelewing.

Dié dinamiek is die aanleidende oorsaak daarvoor dat politieke instellings wat op ideologiese sand gebou is, mettertyd in 'n legitimiteitskrisis beland, ofte wel alle aanneemlikheid en geloofwaardigheid verloor. Die apartheidstelsel, en die soort politieke instellings wat daaruit voortgespruit het, is hiervan 'n goeie voorbeeld.

Wanneer 'n politieke stelsel in 'n legitimiteitskrisis beland, bly daar net een van twee opsies oor: òf die stelsel moet hervorm word, òf dit moet deur die aanwending van alle moontlike magsmiddele in stand gehou word. In laasgenoemde geval is voortgesette konflik en legitimiteitserosie eintlik onafwendbaar.

'n Kerk wat hom verbind het tot 'n bepaalde politieke beleid of ideologie, loop in die praktyk die reële gevaar dat hy alle geloofwaardigheid as kerk sal verloor wanneer politieke beleid drasties verander moet word in die lig van veral die aansprake en regte van verontregte groepe. Dit is trouens te meer die geval wanneer 'n kerk morele sanksie aan 'n politieke ideologie gegee het en hierdie ideologie, met die instellings wat daarop stoel, in 'n legitimiteitskrisis beland. In so 'n geval kom die legitimiteit van die betrokke kerk - en dan wel as 'n samelewingsinstelling - self in die gedrang. Dit word nie meer ernstig geneem deur diegene by wie die betrokke ideologie en sy instellings geen aanneemlikheid het nie. Dit is dan wanneer ten regte van so 'n kerk 'n skuldbelydenis verwag kan word.

In die verband moet ook die volgende ten aansien van die verhouding: kerk en staat opgemerk word:

Dit word algemeen in demokratiese samelewings aanvaar dat 'n oop gesprek oor die soort waardes en regte wat in die betrokke samelewing erken én geïnstitusionaliseer moet word, die lewensbloed van 'n demokrasie is. Dit word ook aanvaar dat, idealiter, die staat en die wette wat gemaak word, die beliggaming moet wees van die waardes en regte wat 'n regverdige gemeenskap waarborg. Daarom moet die staat ook die moontlikheidsvoorwaardes van die demokratiese oop gesprek waarborg. Die staat het in die verband nie 'n reglementerende of voorskriftelike funksie nie. Sy funksie is eerder die van 'kunsbeskermer', ofte wel bewaker van die demokratiese kuns om deur middel van gesprek en dialoog aan waardes en regte uitdrukking te gee.

Gegee die aard en funksie van die kerk, is hierdie samelewingsinstelling na alle waarskynlikheid die belangrikste gespreksgenoot in die oop gesprek oor samelewingswaardes en regte. Om die gesprek werklik oop te hou, sal die kerk sy

kritiese distansie teenoor die staat met groot verantwoordelikheid moet handhaaf. Die kerk kan nooit die spreekbuis van die staat wees nie.

Omgekeerd sal die staat, wil dit demokraties wees, hom daarvan moet weerhou om die riglyne waarvolgens die gesprek deur die kerk gevoer word, voor te skryf of neer te lê. Nog minder kan die staat maatreëls tref wat die uitvoering van die kerk se gespreks- en getuienistaak kortwiek of aan bande lê. Gebeur dit wel, het die kerk geen ander keuse as om profeties te protesteer nie.

Meer pertinent gestel: ten opsigte van die staat het die kerk wel die verantwoordelikheid om demokratiese waardes, regte en beginsels te proklameer. Enige proklamasie van die staat wat met hierdie verantwoordelilkheid inmeng, lê noodwendig in die visier van die kerk se profetiese kritiek. Oor reg en geregtigheid kan die kerk nie kompromieë aangaan nie - selfs nie teenoor die staat nie; ook nie in situasies van veiligheidsbedreiging nie.

Die vraag is natuurlik: wat behels die profeties-kritiese taak van die kerk in Suid-Afrika?

## Stelling 3:

**In Suid-Afrika lê dit op die weg van die kerk om strukturele politieke hervorming te stimuleer.**

Strukturele hervorming is die doelbewuste en doelgerigte verandering van politieke strukture in die lig van die geregtigheids- en regverdigheidseis. Strukturele hervorming behels nie bloot verstellings aan die bestaande politieke patrone om dit 'n meer menslike gesig te gee nie - maar dan verstellings wat die patroon as patroon onaangetas laat. Nog minder behels dit uitsonderings op die bestaande ordeningspatroon, byvoorbeeld deur middel van permitte. Strukturele hervorming is 'n vernuwende verbetering én verandering van die bestaande ordeningspatroon met die oog op die institusionalisering van regte en geregtigheidswaardes.

Daar is 'n belangrike rede waarom van strukturele hervorming gepraat moet word. Strukturele hervorming staan teenoor revolusionêre verandering. 'n Revolusie eet gewoonlik sy eie kinders op. Hierteenoor het die kerk 'n boodskap van versoening. Wie vir revolusie gekies het, het aanvaar dat dié boodskap kragteloos geword het.

'n Ander rede waarom van strukturele hervorming gepraat moet word, is die volgende: niemand by sy gesonde verstand kan ontken dat die Suid-Afrikaanse politieke ordeningspatroon 'n stuk ingeboude strukturele ongeregtigheid bevat nie. Selfs die huidige owerheid erken dit in bepaalde opsigte. As dit nie so was nie, is dit onsinnig om van 'wegbeweeg van diskriminasie' te praat.

Daar is nie net hewige ingeboude konflikpotensiaal in ons samelewingstrukture nie; daar is ook polarisasie en veral fragmentasie - tussen Christene en tussen kerke.

Die vraag is nie soseer wie almal aandadig daaraan is nie. Die vraag is: wat kan gedoen word om die situasie te verhelp, en, veral, wat moet die rol van die kerk wees?

Die antwoord op hierdie vraag behels 'n baie fundamentele keuse. 'n Mens sou kon sê: 'Dis te laat. Vir die kerk bly daar geen ander alternatief oor nie as om hom volledig aan die kant van die verontregtes te skaar en aan 'n politieke bevrydingstryd deel te neem.' 'n Mens sou ook kon sê, soos sommige wel doen: 'Alles is goed onder beheer. 'n Paar verstellings hier en daar sal wel die situasie ontlont. Die kerk moet alles in sy vermoë doen om die orde in stand te hou, oor die noodsaaklikheid van goeie menseverhoudings preek, en nie te veel oor geregtigheid nie, want dit skep verwagtings.'

Die implikasie van 'n keuse vir strukturele hervorming is die volgende:

Enersyds, dat die kerk nie sy boodskap kan vereng tot alleen maar geroepe tot goeie gesindhede en 'n menslike toepassing van bepaalde regulasies en wette nie. Sulke oproepe is nie verkeerd nie. Die appèl dat ons mekaar met Christelike liefde sal behandel en nie mekaar se waardigheid sal skend nie, is en bly 'n deel van die boodskap van die kerk. Dit is egter nie genoeg nie. Wie werklik erns met die kwessie van geregtigheid en regverdigheid wil maak, moet onthou: 'n onregverdige reël of wet kan wel met die nodige billikheid en menslikheid toegepas word. Dit maak die reël of wet egter nog nie self regverdig nie. Daarom moet die strukture, statute, wette en regulasies aangespreek word.

Andersyds sal die kerk in sy getuienis aangaande die eise van Bybelse geregtigheid nie net by algemene riglyne kan volstaan nie. Dit sal gekonkretiseer moet word. Weliswaar nie in die sin dat die kerk presies sal uitspel wat gedoen moet word nie, want dan begewe die kerk hom op die terrein van die formulering van politieke beleid. Maar in die sin dat die kerk onregsituasies konkreet sal uitwys en aandring op hervorming.

Om 'n enkele voorbeeld te noem: vanuit Bybelse perspektief gesien, is dit deel van die geregtigheidseis dat daar nie politieke besluite oor mense se toekoms geneem sal word waaraan hulle hoegenaamd geen deel gehad het nie. Dit lê myns insiens op die weg van die kerk om in sy profetiese getuienis daarom aan te dring dat politieke besluitneming nie eksklusief in die hande van een groep gehou sal word nie. Is hierdie situasie te wyte aan strukturele omstandighede, kan die kerk nie anders as om vir strukturele hervorming te pleit nie. Hoe dit in die praktyk sal gebeur, is die opdrag van die politieke besluitnemer - 'n 'hoe' wat weereens deur die kerk getoets moet word.

In dié verband is dit noodsaaklik dat die kerk hom met die inspanning van alle kragte sal beywer vir 'n kragtige morele bewussyn in die samelewing. Geen samelewing kan goed funksioneer sonder 'n lewenskragtige morele bewussyn nie. Ontbreek dit, tree permissiwiteit in. Politieke permissiwiteit is die ergste vorm van permissiwiteit wat daar kan wees, omdat dit met magsmisbruik gepaard gaan. As daar van strukturele hervorming gepraat word, moet in dieselfde asem gesê word: dit vind sy dryfkrag in 'n lewenskragtige morele bewussyn, 'n bewussyn of sosiale

gewete wat dinge nie laat soos dit is nie, maar proklameer dat dit ook ánders kan wees. Trouens, anders móét wees.

Die baie moeilike vraag oor wat die kerk se houding ten opsigte van burgerlike ongehoorsaamheid moet wees, is nog nie aangeroer nie. Die owerheid is natuurlik 'n instelling van God. Dié gegewe kan deur geen Bybel-gelowige betwis word nie. Dit beteken egter nie dat elke owerheidsinstansie op goddelike sanksie kan reken wat die uitvoering van sy gesag betref nie. Owerheidsoptrede kan nooit sonder meer en ongekwalifiseerd aanvaar word blóót omdat die owerheid 'n instelling van God is nie. Juis daarom staan álle owerheidsoptrede onder die gesag én tug van Gods Woord. Die vraag is natuurlik: kan burgerlike ongehoorsaamheid 'n aanvaarbare strategie vir gelowiges wees?

Burgerlike ongehoorsaamheid is in wese 'n protesstrategie en verteenwoordig 'n vorm van doelbewuste wetsoortreding. Die rasionaal daarvoor is die standpunt dat die wette wat doelbewus oortree word, immoreel is en nie aan die eise van regverdigheid en geregtigheid voldoen nie. Dit kan fokus op bepaalde wetgewing en regulasies, soos in die geval van die Amerikaanse Burgerregte-beweging - behalwe dat in hierdie geval daar wel in beroep gegaan is op die konstitusie. Dit kan ook fokus op alle wette, omdat die legitimiteit van die staat in die gedrang gekom het en die staat as sodanig onaanneemlik gevind word.

Eties beskou, verteenwoordig burgerlike ongehoorsaamheid as protesstrategie 'n grenssituasie. Dit kan onder sekere omstandighede wel as 'n laaste alternatief verdedig word, dit wil sê wanneer alle ander weë verken en vrugteloos blyk te gewees het. Dit spreek immers vanself dat as 'n staat 'n wet maak wat mense verbied om vir ander mense te bid, so 'n wet geen aanneemlikheid kan hê nie, en, sou dit op die wetboek bly, die Christen verplig is om dit te verbreek. Die aard van die betrokke wetgewing, die gegewe situasie en veral die vraag of álle hervormingsmoontlikhede afgesny is, sal by die beslissing wat oor burgerlike ongehoorsaamheid gevel moet word, die deurslag moet gee. Die implikasies van so 'n beslissing, veral wat moontlike vorme van geweld betref, sal ook deeglik oorweeg moet word.

Hierteenoor moet gestel word dat 'n keuse vir strukturele hervorming juis 'n strategie is om hierdie grenssituasie te probeer vermy. Dié keuse is nie bloot opportunisties of pragmaties nie. Hervorming - in al sy geledinge - behoort tot die wese én roeping van die kerk. As dit nie so was nie, sou die kerk 'n taak gehad het wat mettertyd as afgehandel beskou kan word. Natuurlik, daar is wel vir die kerk 'n 'mettertyd'. Maar hierdie 'mettertyd' hou verband met die tyd van God vir hierdie wêreld. Gegee die tyd wat God vir mens en wêreld het, kan die kerk nooit in die *status quo* berus nie. Die kerk moet steeds daarop wys dat dinge anders kan en moet wees.

## Slotopmerking

Die kerklike toneel in Suid-frika vertoon tans 'n aantal skerp verdelings oor basiese kwessies. Die politieke polarisasie wat daar tans in die land bestaan, word ook in die kerke gereflekteer.

Daar is veral drie kwessies waaroor die kerklike weë skei, naamlik apartheid, sanksies en geweld.

Ten aansien van hierdie politieke kwessies, kan daar ook drie kerklike kategorieë onderskei word; die meer behoudende kerke, waaronder die Afrikaanse 'susterkerke'; die proteskerke, ofte wel kerke wat vir 'n meer aktiewe politieke rol gekies het; die evangelies-charismatiese kerke waarvan sommige 'n neutrale politieke posisie inneem en ander besig is om in versigtige terme 'n meer betrokke posisie te definieer. Die soort standpunte wat vanuit kerklike geledere teenoor die bekende *Kairos*-dokument ingeneem is, is hiervan 'n goeie maatstaf.

Sonder om op besonderhede in te gaan, is die volgende reeds duidelik:

> Binne die geledere van die behoudende kerke wentel die debat nog hoofsaaklik na die moraliteit, al dan nie, van apartheid.
>
> Hierteenoor is dié debat in die geledere van die proteskerke reeds besleg. Daar wentel die debat rondom die vraag: hoe kan van apartheid ontslae geraak word en wat is die rol van die kerk in dié verband?

Na aanleiding van veral die *Kairos*-dokument het daar ook 'n debat binne die evangelies-charismatiese kerke ontstaan. Die uitkoms daarvan was die *Evangelical Witness*, asook 'n verklaring met 'n sterk politieke strekking, onderteken deur 132 predikante en predikers.

Dié verskil tussen die kerke kom veral skerp na vore in die standpunt wat teenoor sanksies en disinvestering ingeneem word.

Die behoudende kerke is fel daarteen gekant - soos vertolk deur Johan Heyns, wat dit as onkerklik en oneties afwys. Onkerklik omdat dit teen die versoeningstaak van die kerk indruis; oneties omdat dit die valse indruk wek dat dit die probleme van die land sal oplos.

Binne die geledere van die SARK-kerke volg die debat 'n ander patroon. Hier word die vraag gestel: watter soort middele is moreel regverdigbaar ten einde apartheid tot 'n val te bring? Dié vraag word bespreek in samehang met die vraag of ekonomiese druk so 'n middel is. In sommige kringe word reeds aanvaar dat sanksies 'n metode is om op 'n nie-gewelddadige wyse vryheid en geregtigheid te verkry.

Die debat oor 'kerk en apartheid,' asook sanksies, het ook 'n ander fundamentele kwessie op die agenda gebring, naamlik die posisie van die kerk teenoor die sogenaamde 'bevrydingsbewegings' en die aanwending van geweld. Hier skei die kerklike weë dramaties.

Die behoudende kerke verwerp die 'bevrydingsbewegings' nie alleen as 'terroristies' nie, maar neem ook skerp stelling in teen byvoorbeeld ANC-geweld of dialoog met 'Marxiste'.

Die proteskerke se posisie word goed vertolk deur 'n uitspraak van Aartsbiskop Hurley: '*We have to relate to the liberation movements*' (26 Januarie 1986). Wat die

aard en inhoud van hierdie *relate* sal wees, moet die toekoms nog uitwys. Dit illustreer op hierdie stadium die kloof wat daar tussen die kerke bestaan baie goed. So ook die standpunt dat dit nie net die 'bevrydingsbewegings' is wat van geweld gebruik maak nie, maar ook die staat. Daar word bowendien geargumenteer dat die Suid-Afrikaanse samelewing 'strukturele geweld' bevat, wat die grondoorsaak is van die geweld in swart woonbuurtes en die geweld van die 'bevrydingsbewegings'.

Die voorafgaande maak duidelik dat die debat oor 'kerk en politiek' in Suid-Afrika langs relatief uiteenlopende en selfs geslote bane verloop. Van 'n ernstige en indringende debat tussen byvoorbeeld die behoudende kerke en die proteskerke oor bogenoemde fundamentele kwessies, is daar nouliks enige sprake. Openbare verklarings teen mekaar is eerder die praktyk. Dit is te hope dat hierdie praktyk sal wyk voor 'n doelbewuste en doelgerigte poging om met mekaar in gesprek te tree oor die soort waardes wat in die Suid-Afrikaanse samelewing geïnstitusionaliseer moet word. Gebeur dit nie, sal die kerke in Suid-Afrika mede-verantwoordelikheid moet neem vir die geweld en polarisasie wat in Suid-Afrika toeneem. Die moontlikheid van gesprek en dialoog oor hierdie kwessies bestaan gelukkig nog wel in Suid-Afrika. So ook 'n merkwaardige konsensus oor waardes - soos bevind deur die RGN-ondersoek na tussengroep-verhoudinge.